

14 Desember

Dank God altyd vir alles

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:6-20

Fokus: Efesiërs 5:20

Alles wat ons het, is te danke aan God. Maar nou kan ons vra wat het ons alles? Miskien is dit die aardse goed, ons besittings. Familie, vriende, broers en susters. 'n Kerkverband wat op 150 geseënde jare afstuur as dit die Here se wil is.

Efesiërs 5 praat nie oor hierdie dinge nie. Dit maak dit nie onbelangrik nie, maar soveel kere misplaas ons ons dankbaarheid tot die sigbare dinge rondom ons. Ons moet leer om ook dankbaar te wees vir die geestelike dinge wat aan ons geskenk is. Deur die Gees kan ons onderskei tussen die dinge van die Gees en die dinge van die duisternis.

Die gelowige kan in die lig van God wandel, want Christus skyn oor die gelowige. Die gelowige kan nougeset wandel, want hy is nuutgemaak deur die wedergeboorte en hy kan verstaan wat die wil van God is. Tog wil die sondaarmens in ons nie altyd buig voor hierdie wil nie.

Hoe leef ons nou hierdie dankbaarheid uit? Deur Geesvervuld te leef. Die afgodsdienaars waarteen Paulus skryf, word deur hulle brassery en dronkpartytjies tot eer van die afgode gevul met daardie duister gees, maar die gelowige kind van God moet bid dat hy vervul sal word met die Heilige Gees. Vervuldheid met die Gees beteken dat ons nie sal kan stilbly om die Here te loof en te dank met ons Psalmgesang nie. Ons sal dankbaar wees vir die verlossing wat die Vader aan ons gegee het in Christus. Uit dankbaarheid kan ons mekaar dien, want Christus het ons gedien tot in die dood.

Daarom: bid vir die Gees en dank ons Vader in die hemel vir die liefde in Christus. Laat hierdie liefde ook sigbaar word in ons diens aan mekaar.

Sing: Psalm 118: 1, 2

Ds. C Jooste (Innesdal/Eloffsdal)